

**DIE PROJEKPLAN IS 'N DOKUMENT WAAROP ALLE PROJEKVOORSTELLE
INGEDIEN MOET WORD OM TE VERSEKER DAT HULLE, TER WILLE VAN EVALUARING,
EENVORMIG IS. VERDER, OM TE VERSEKER DAT AL DIE TER SAKE
INLIGTING OORWEEG WORD. DIT IS BEDOEL OM 'N PLAN VAN
VOORNEMENDE OPTREDE TE WEES WAARIN AANGEDUI WORD WAT, HOE,
WANNEER EN VIR WATTER DOEL DIE PROJEK VAN STAPEL GESTUUR WORD.**

1. PROJEKNOMMER (SLEGS VIR KANTOORGEBRUIK):

07/06 - GamtoosPlaasbediening

HUMANSDORP RING (2011 – 2012)

**2. NAAM EN KONTAKBESONDERHEDE VAN PROJEKVOORSTELLER EN
PROJEKLEIER:**

	PROJEKVOORSTELLER	PROJEKLEIER
NAAM	Ds Jos van der Merwe	Mnr DVDm Du Preez
POSADRES	Posbus 70, Patensie, 6335	Posbus 70, Patensie , 6335
E-POS	josvdm@lantic.net	
FAKSNOMMER	042-2830568	042-2830704
TEL. WERK	042-2830568	042-2830704
TEL. HUIS	Selfde	Selfde
SEL.	0829233167	

DS JOS VAN DER MERWE

13 September
2010

(HANDTEKENING VAN PROJEKVOORSTELLER) (DATUM)

3. BESKRYF DIE DOEL/BEDIENING VAN DIE PROJEK:

Gamtoosvallei se plaaswerkers vir Christus
Hierdie projek is al vir meer as 25 jaar aan die gang. Die doel van hierdie projek is om alle plaaswerkers in die gebied van NG Gamtoosvallei te bereik met die Evangelie.
Dit geskied op die volgende maniere: Dagopeninge/bidure op verskillende plase, huisbesoeke, naweekkoffiekroë, kampe, vroueklubs, jeug en kinderklubs, skoolbesoeke, reinheidsgesprekke, naweek uitreike saam met verskillende kerkgroepe van Uitenhage, PE en Jeffreysbaai asook met groepe soos Operasie Mobilisasie, YWAM en JFC
Alle persone wat bearbei word, word gemotiveer om in te skakel by hulle kerke en goeie lidmate daar te wees. Die wat tot bekering kom en nie aan kerke behoort nie, word gemotiveer om by 'n gemeente van hulle eie keuse in te skakel
Die span bestaan op hierdie stadium uit twee permanente opgeleide werkers (Bruin dames) Die Plaasbediening het tans twee voertuie tot hulle beskikking om die werk te doen.
Noue samewerking vind plaas tussen die NG Gamtoosvallei (Voogde)VGK Gamtoosvallei. Die predikantsvrou van die VGK is een van die werkers van die Plaasbediening. Daar is ook noue samewerking met NG Jeffreysbaai en NG Sionsrand en ander gemeentes.
Die Plaasbediening is vir hulle fondse afhanklik van donasies.
Hierdie Bediening het 'n baie groot invloed op die omstandighede van die plaaswerkers in die Vallei. So baie getuig van die seën wat hulle hierdeur verkry het. Die tydelike werkers is bv. mense wat hier uit die Vallei self kom en wat die roeping ervaar het om opgelei te word as sendingwerkers.

4. BESKRYF DIE PERSONE, GEMEENTE, RING, INSTANSIE(S) WAT BY DIE PROJEK SAL BAAT EN HOE DIT HULLE SAL BEVOORDEEL INDIEN DIT NIE REEDS BY PUNT 3 GENOEM IS NIE:

<i>Reeds genoeg by 3 gesê.</i>
ONS IS BESIG OM DIE WERK TE LAAT UITBREI NA SEISOENWERKERS VAN LESOTHO EN ZIMBABWE. HULLE WORD REEDS BY DIENSTE EN BIDURE BETREK.
Besig om in gesprek te gaan met nog instansies om hierdie wonderlike werk verder te voer!

5. BESKRYF DIE STAPPE/FASES VAN DIE PROJEK EN DIE TYDSVERLOOP VAN ELK EN DERHALWE DIE BEGIN EN EINDE DAARVAN:

STAPPE/FASES	TYDSVERLOOP
Hierdie is nie 'n eenmalige projek nie en die Bediening sal aangaan solank as wat dit kan voortgaan.	

6. BESKRYF DIE HULPBRONNE WAT VIR DIE PROJEK BENODIG WORD:

6.1 PROJEKSPAN:

NAME VAN LEDE	VAN WAAR (GEMEENTE, ANDER)
Die Plaasbediening doen kwartaaliks verslag aan die Gamtoos Plaasbedieningskomitee bestaande uit die volgende lede: Louis Oosthuizen (Skr, boervrou)	
Merwe du Preez (Voorsitter, boer))	NG Gamtoosvallei
Jos van der Merwe (Leraar)	NG Gamtoosvallei
Dawson Ferreira (Boer)	NG Gamtoosvallei

Chrissie du Preez (Boervrou)	NG Gamtoosvallei
Johan du Preez (Boer)	NG Gamtoosvallei
Jan Meyer	NG Sionsrand
Danie Erasmus	NG Jeffreysbaai
Gert Ferreira (Boer)	NG Gamtoosvallei
Stephan Jonas (Leraar)	VGK Gamtoosvallei

6.2 TOERUSTING:

BESKRYWING VAN TOERUSTING	HOEVEELHEID
Die komitee voorsien die werkers van vervoer en behuising	

6.3 ADMINISTRATIEWE INFRASTRUKTUUR (BYVOORBEELD: HULP MET TIKWERK, INTERNET, AFROLWERK, VERSENDING, ENSOMEER):

BESKRYWING	WANNEER BENODIG

6.4 ANDER:

6.5 BEGROTING EN DIE VERWAGTE SKEDULERING VAN UITBETALINGS

6.5.1 UITEENSETTING:

BEGROTINGSITEMS	BEDRAG
SALARISSE, BONUSSE , MEDIES EN TEL.	6000-00
HERSTELWERK EN INSTANDHOUDING VOERTUIE	600-00
HERSTEL/INSTANDHOUDING HUISE	150-00
BANKKOSTE	100-00
BRANDSTOF	2200-00
VERSEKERING	300-00
KRAG	400-00
INKOMSTE : Aftrekorders 50-00	
SPES.KOL.NG K 800-00	
NG kerk Gamtoosvallei 1000-00	
VGK en NG Sherwood 1050-00	
TOTAAL 2900-00 Tekort 6850-00 pm	9750-00 pm

6.5.2 SKEDULE:

DATUM	BEDRAG
Vanaf 1 Maart 2011	R 40 000-00 pj
(R 3333-00 pm)	

6.5.3 HOE EN AAN WIE MOET UITBETALINGS GEMAAK WORD?

Ring van Humansdorp betaal dit oor aan NG Gamtoosvallei

